



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

16 JUNIE 2019

GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

EREDIENSTE TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE

OGGENDDIENS

Oor die berge en dale van die lewe.
Deuternomium 6

GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger elektronies te ontvang.

PHILIPP DIETMANN

Philipp Dietmann het die beroep as tentmakerleer van Stellenberg aanvaar. Hy word op 14 Julie amptelik in die gemeente bevestig. Hartlik welkom, Philipp.

DEURKOLLEKTE

16 Junie

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach	4	Ds. Breytenbach	1
19:00	Kapel	Aanddiens	Ds. Potgieter	12	Ds. Breytenbach	13

23 Junie

30 Junie

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	2	Dr. Bruwer	3
19:00	Kapel	Aanddiens	Ds. Visagie	11	Ds. Visagie	12

7 Julie

UITREIKE 2019

Doen asb. voorbidding vir ons uitreikspanne. Bid saam met ons vir die 96 jongmense en volwassenes wat aan die uitreike deelneem sodat hulle veilig sal reis en goeie gesondheid en energievlakke sal behou vir die groot taak wat op hulle wag. Ons spanne se reisplanne is soos volg:

15 tot 21 Junie: Leeu-Gamka

22 tot 28 Junie: Beaufort-Wes-span

22 Junie tot 5 Julie: Transkei-uitreik

22 Junie tot 5 Julie: Uitreik na Mavusa

29 Junie tot 5 Julie: Calitzdorp-uitreik

VAKANSIEPROGRAM VIR KINDERS

Vakansieprogram 24 tot 27 Junie.

Graad 1 tot 6-maats word uitgenooi om deel te neem aan ons wêreldtoer tydens die Junie/Julie-skoolvakansie. Plek: Stellenberg se sale. Tyd: 09:00 tot 12:00. Bespreek jou sitplek so gou moontlik op vlug NGKS by Sunet, sunet@stellenberg.co.za/021 975 1044. R200 per kind.

VROUE-WEGBREEK

Teken die datum vir ons vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Khwa Ttu, naby Yzerfontein, in jou dagboek aan. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za. Volledige inligting sal volg.

RETRAITE VIR MANNE 30 AUG - 1 SEPT

Wortelgat 30 Aug. tot 1 Sept.: Die datum vir die retraite is verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag gebots het. Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

KOSPROJEK 25 JUNIE

Gee asb. bydraes vir die gemeente se kosprojek voor of op 25 Junie by die kerkkantoor af. Enige niebederfbare produkte is welkom asook toiletware. Finansiële bydraes tot die projek kan elektronies of by die kerkkantoor inbetaal word.

STELLENBERG FINANSIES

Die gemeente se werksaamhede is afhanklik van finansiële bydraes deur lidmate en ons vertrou dat alle lidmate bereid is om ook op 'n finansiële wyse by te dra tot die gemeente se visie en bedienings.

Jy kan jou bydrae maandeliks op die volgende wyse gee:

- **Debietorder:** Vra die vorm by die kerkkantoor aan, of stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za, of laai dit van www.stellenberg.co.za af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.
- **Bankkollekte:** Gee jou bydrae tydens eredienste met die opneem van kollekte.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

SNAPSCAN SKANDERINGSKODE

